

Underdog

Lēstēs en Ish Makoboth

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 25 Oktober 2026

Ons vertel vandag ons laaste *underdog* storie. Eers het ons by Ester en Mordegai in die Persiese wêreld van Ahasveros gekuier, ongeveer 480 v.C. Daarna het ons teruggeloop na die Rigtertyd, breedweg 1200–1020 v.C., om Barak en Debora se verhaal te hoor. Verlede Sondag het Gerhard van Dawid en Goliath vertel, in die tyd van die eerste konings in Israel, ongeveer 1020 v.C.

Vandag gaan ons eers na die agtste eeu v.C. 'n Baie bekende verhaal. In so ongeveer 740–700 v.C. word vertel van sekerlik die grootste underdog in die geskiedenis. Die verhaal van Ish Makoboth.

'n Storie oor 'n hoofstuk wat afgemaak word as onbelangrik

Jy ken die verhaal baie goed. Vanaf jou vroegste Sondagskoollessies het jy geleer van Ish Makoboth. En dan later ook hoe die verhaal van Ish Makoboth aangesluit het by die verhaal van nog een van die grootste underdogs ooit, wat jy ook baie goed sal onthou uit jou Sondagskoollesse: Lēstēs. En ek weet jy sit en dink, al weer Lēstēs en Ish Makoboth, ek ken dit so goed, ek moes liever by die huis gebly het. Jy onthou mos ..

Hy het 'n koninkryk, 'n paleis, 'n leër, groter rykdom as enige mens. Hy het duidende der duisende dienaars en bewonderaars. Hy is die absolute Top Dog. Niemand in die hele wêreld het meer gesag as hy nie. Waar hy gaan buig mense voor hom of vlug weg van hom af in die vrees dat hy ontevrede gaan wees met hulle as onderdane. Ish Makoboth die Grote. Ish Makoboth die Ryke. Ish Makoboth die Wyse.

En dan, op 'n dag verloor hy sy al mag, al sy waardigheid, sy aansien, sy besittings, sy veiligheid, sy roem, sy vertroueling en geliefdes. Niemand steur hulle aan hom nie. En hy eindig sonder mag, sonder rykdom. Mense verkleineer hom, lag hom uit.

Jy ken die verhaal. Die bekende verhaal van *Ish Makoboth*. Maar al ken jy die verhaal sekerlik selfs beter as die verhaal van Dawid en Goliath, is dit tog goed om weer te kyk na Ish Makoboth se storie. Jesaja vertel van hom, so sewe eeue voor ander skrywers weer oor hom skryf.

Jesaja 53:3

Hy was verag en deur die mense verlaat, **'n man van smarte** en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.

'n Man van Smarte ... in die Hebreeus: Ish Makoboth. Die verhaal van die grootste underdog ooit, Ish Makoboth, die Man van Smarte ... Die verhaal van Jesus Christus ons Verlosser. Die grootste verhaal van alle tye.

'n Verhaal wat vertel van vernedering en verhoging: die Kneg is misvormd, verag en verlaat, tog sal Hy hoog wees en nasies sal Hom raaksien. Hy kom nie met die glans wat mense van 'n redder verwag nie; Hy lyk “soos 'n wortel uit droë grond”. Dan verander die spreker se stem:

“Hy was verag ... en óns het Hom nie geag nie.” Die Kneg. Die Dienaar. Wat beteken dit dat hierdie Dienaar ly en tog vir ander ’n uitkoms bring?

Ons gaan Jesaja 53 lees. Ek weet nie van jou nie, maar wanneer ek dit lees weet ek nie hoe mense dit kan lees sonder om verbaas en oorbluf te staan oor hoe iemand eeue voor Jesus se dood so presies kon beskryf wat met Jesus sou gebeur nie. Wanneer Jesaja dinge sê soos ...

Hy was verag en deur die mense verlaat.

Hy is onherkenbaar geskend.

Hy is deurboor.

Hy is stukkend geslaan.

Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagplek gelei word.

Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor.

Hy was by ’n ryke in sy dood.

Hy word saam met die oortreders gereken.

Hy het vir die kwaaddoeners gebid.

... Vir my is dit onmoontlik om iets anders as Golgota te sien.

Maar deur die eeue was daar baie pogings aangewend om die ooreenkoms as onbenullig te beskryf, van geen betekenis: *Jesaja praat bloot metafories, die Kneg waarvan hy praat is nie ’n persoon nie, maar die volk Israel, Jesaja het maar bloot van ’n onbekende figuur in die ballingskap gepraat wat mooi geleef het maar wreed gesterf het...*

En dan in wat bekendstaan as die agtiende-eeuse Verligting—die tyd waarin die sogenaamde rede kritiek op gevestigde godsdienstige gesag sterk na vore gekom het, het skrywers soos Thomas Paine dit verder geneem deur te sê Jesaja 53 was maar net ’n klaaglied oor ’n onbekende oorledene in die tyd van die ballingskap van die Jode, en Evangelieskrywers het ná Jesus se dood verhare of besonderhede opgemaak om Ou-Testamentiese gedeeltes soos Jesaja 53 soos profesieë oor Jesus te laat lyk. Beïnvloeders soos Paine het gesê die evangelies was doelbewuste bedrog, vervalsings, “repeated forgeries and falsifications” wat uit weerwraak vir Jesus se dood sy verhaal wou laat klink asof die Ou Testament profeties van Hom vertel het. Nee, nee, vertel hulle, Jesaja 53, en ander sogenaamde Messiaanse voorspellings, wat lyk asof dit van Jesus praat, is blote geskiedenis, en ’n klomp oneerlike skrywers het iets verdig sodat dit kan lyk asof die dinge wat in die Ou Testament geskryf is eeue later met Jesus gebeur het.

Ook in die Joodse godsdienste. In hulle weeklikse sinagogedienste, word daar ’n gedeelte uit die Torah gelees, en dan ’n gedeelte wat voorgeskryf word uit die Nevi'im—die profete. En ’n aangrypende hoofstuk soos Jesaja 53 is glad nie deel daarvan nie. ’n Mens kan dit byna nie glo nie, ’n kernhoofstuk soos hierdie figureer glad nie in die sinagoges nie.

Ek onthou toe ek jare gelede met ’n Joodse vriend oor geloof praat en Jesaja 53 ter sprake kom. Toe ek vir hom sê wat die hoofstuk sê was sy reaksie dat hy êrens gehoor het dis iets wat Christene self geskryf het. So onbewus is die gewone Jood van hierdie aangrypende hoofstuk.

Ek kan verstaan dat hierdie hoofstuk al soveel aanslae beleef het. Wanneer die woorde van Jesaja 53 ’n soekende siel, ’n stukkende mens of ’n honger hart binnedring, ruk dit hom uit die hande van die Bose, red dit hom vanaf enige verdwaalpad.

O die krag in die verhaal van die man van smarte ...

Dit vernader lewens, wêrelde, gesinne ...

Kyk saam met my hoe iemand se hart verkrummele as hy die verhaal lees.

'n Storie oor 'n Etiopiër op 'n wa op 'n eensame pad

Handelinge 8 vertel hoe Filippus, 'n helper in die gemeente in Jerusalem, na Samaria, ongeveer 75km se reis Noord van Jerusalem, gaan om die evangelie te verkondig. Daar is 'n herlewing. Wonderwerke gebeur, talle mense kom tot geloof en word gedoop. Dan verskyn 'n engel aan Filippus. "Pak jou goed. Reis na die suide van Jerusalem, na die eensame pad op pad na Gasa." Filippus reis daarheen, 'n dag of twee. Toe hy daar kom sien hy iemand wat op 'n wa reis. Die Heilige Gees fluister in sy hart om die wat te stop en op te klim. Op die wa is 'n Etiopiër wat terugreis vanaf Jerusalem nadat hy by die tempel gaan aanbid het. Die Etiopiër is besig om van die man van smarte in Jesaja 53 te lees. Dit gryp hom aan. Hy móét net weet van wie dit praat.

Handelinge 8:34

... "Sê vir my, asseblief, van wie praat die profeet hier, van homself of van iemand anders?"

En kyk wat gebeur toe ...

Handelinge 8:35-37

35 Filippus begin toe by hierdie deel van die Skrif en vertel hom die Goeie Nuus oor Jesus Christus.

36Langs die pad het hulle by water uitgekom. Die amptenaar sê toe: "Kyk, hier is water. Waarom kan ek nie gedoop word nie?"

37"Jy kan gedoop word," antwoord Filippus, "as jy met jou hele hart glo". Toe antwoord hy: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is." 38Die amptenaar laat toe die wa stilhou. Filippus het hom gedoop. 39 ...[en] hy het vol vreugde verder gereis

'n Man se lewe verander omdat hy hierdie *underdog* storie lees en omdat iemand vir hom die Goeie Nuus uit die gedeelte in Jesaja verduidelik. En daarom, hier aan die einde van ons reeks van *underdog* stories kom ons laat toe dat hierdie verbysterende Goeie Nuus ons weer aangryp.

Filippus en die Etiopiër se storie ... Kom ons dink daaroor.

Dink aan die twee maniere waarop die Here met Filippus praat. 'n Mens kan verstaan dat, terwyl daardie wonderlike dinge in Samaria gebeur, Filippus baie moeilik sou hoor as die Gees hom sou lei om weg te gaan. 'n Engel moet aan hom verskyn, miskien in 'n droom. Omdat God hom na een enkele soekende mens toe wil stuur. Selfs weg van die massas af wat in Samaria tot bekering gekom het. Die God wat omgee vir elke enkele mens op sy eensame pad.

Wanneer Filippus gehoorsaam, en 'n dag of twee later by die eensame pad aankom, nou praat die Here anders met hom, deur sy Gees. Ek kan dit verstaan. Filippus is oop, soekend na die rede hoekom hy hier is. En so ervaar hy die Here praat met hom. 'n Werklikheid waarvan ons dikwels in die Nuwe Testament lees. Die Here praat met mense, stuur hulle na plekke en mense toe om dinge te gaan doen, om ander te gaan help, vir hulle te gaan bid, met hulle te praat, finansieel uit te ryk, of bloot saam te wees en mekaar te versterk.

Het dit vernader? Praat die Here vandag nog met mense? Stuur Hy ons? Daar is geen twyfel nie. Maar jy oet dit begeer. Oop wees. Bereid wees om gestuur te word. Begeer om vir ander mense iets te beteken. Hoe meer jy werklik omgee hoe dit met iemand gaan, hoe meer jy bekommerd is oor iemand se verhouding met God, sy emosionele welstand, sy behoeftes, hoe meer gaan jy die Filippus avontuur begin beleef.

Ek en Barbara kuier in die week by mense. Hulle is ons gemeente. Hulle vertel hoe baie van

hulle kennis en vriende al deel geword het van Eden Gemeente. En hulle het nog niemand na 'n diens toe genooi nie. Maar hulle het in hulle gesprekke vertel as iets gebeur in die gemeente, wat dit vir hulle beteken, miskien 'n konsert, of 'n boodskap of 'n mooi lied in 'n diens, of van 'n kuier by vriende in die kerk. En so het mense vanself besluit hulle wil ook kerk toe kom. Die Filippus avontuur—wanneer die Here jou gebruik en jy kan sien mense se lewens word beïnvloed deur jou wandel met die Here. Ek kan dit bid, “Neem my op hierdie reis van gestuurdheid Here. Ek is oop dat U my gebruik soos U wil.”

Maar wat is dit wat Filippus gedoen het wat die Etiopiër laat besluit het hy wil hom onmiddelik laat doop? Die Etiopiër, wat waarskynlik wat genoem was 'n Godvresende nie-Jood was, iemand wie se geloofslojaliteit by die Joodse godsdiens sou wees, hoekom gee Hy onmiddelik sy lewe oor aan Jesus?

'n Storie oor die geheime krag van die *Underdog*

Ons het gelees:

Handelinge 8:35

Filippus begin toe by hierdie deel van die Skrif en vertel hom die Goeie Nuus oor Jesus Christus.

Uit Jesaja 53 bring Filippus vir die Etiopiër die Goeie Nuus oor Jesus. Die Goeie Nuus. Die Evangelie. En wat is die nuus in Jesaja 53, die Goeie Nuus.

Dis die groot storie oor ...

- Die Vriend wat as Vyand verwerp word.
- Die Hoë wat laag buig.
- Die Ryke wat arm word.
- Die Meester wat die Knecht word.
- Die Heilige wat vir onheiligheid gestraf word.
- Die Regter wat die veroordeelde word.
- Die Onskuldige wat moet boet vir skuld.
- Die Skepper van Lewe wat sterf.

Jesaja beskryf die misterieuse, hemelse, goddelike geheim, die Goeie Nuus van ...

Plaasvervanging:

- Die Vriend wat as Vyand verwerp word ...
- ... **sodat vyande vriende kan word.**
- Die Hoë wat laag buig ...
- ... **sodat laes opgehef kan word.**
- Die Ryke wat arm word ...
- ... **sodat armes ryk kan word.**
- Die Meester wat die Knecht word...
- ... **sodat knechte meesters kan word wat dien.**
- Die Heilige wat vir onheiligheid gestraf word ...
- ... **sodat onheiliges heilig kan word.**
- Die Regter wat die veroordeelde word ...
- ... **sodat die wat veroordeel moet word vrygespreek kan word.**
- Die Onskuldige wat moet boet vir skuld ...
- ... **sodat skuldiges skuldvry kan wees.**
- Die Skepper van Lewe wat sterf ...
- ... **sodat sterwendes kan leef.**

In hierdie hele reeks het ons gedink aan die intuïtiewe bekoring wat ons almal ervaar wanneer ons 'n *underdog* storie hoor. Kan dit wees omdat dit inderwaarheid dié storie van alle stories is? Vanaf Aspoestertjie tot Shakespear en Lord of the Rings? Dat dit die storie is waarna elke hart heimlik hunker, of uiteindelik in donkerte en hardheid verwerp? Die storie wat elke mens by 'n kruispad bring? Sê nou agter elke storieboek, elke fliek, elke reeks wat jy op Netflix kyk. Jou hart soek na die groot storie ...

Sê nou dit is die wysheid van alle wysheid? Die dwaasheid wat die wysheid is, soos Paulus sê, wat jou hele lewenstrajek, waarheen jou lewe in hierdie wêreld, en hierna, bepaal sal word. Of jy leef groot *Underdog* storie maar net 'n storie is of nie, is die grootste faktor wat sal bepaal hoe elke dag van jou lewe verloop. Glo jy laer is hoër. Glo jy om te dien is om te heers? Glo jy om te sterf is om te leef? Glo jy om te gee maak jou ryker?

Paulus sê daar is mense wat dink die grootste *underdog* verhaal, die verhaal van die kruis, is nie regtig wysheid nie. Dis eintlik of net 'n storie, of dwaasheid. Vir wat sal 'n mens jou lewe weggee!

1 Korinthiërs 1:18

... die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God ...

Wat is die Evangelie, die Goeie Nuus, wat Filippus uit Jesaja vir die man vertel wat sy lewe verander? Wat glo hierdie man wat hom laat vra om dadelik gedoop te word? Hy glo die geheim van plaasvervanging. As ek aan Jesus oorgee en Hom begin volg het Hy gedra wat ek verdien, en Hy maak my soos Hy.

Kom ons lees dan dit wat die Etiopiër gelees het waarin Filippus die evangelie, die Goeie Nuus vir Hom duidelik gemaak het. En laat ons verwonderd staan voor die misterie. Dit wat Hy gedoen het in my plek ... Plaasvervanging.

Jesaja 52:13-15, 53:1-15

13Die Here sê: “My kneg sal sy opdrag uitvoer. Hy sal uit sy vernedering gehaal word en belangrik wees en 'n ereplek inneem.

14Net soos mense afgeskrik is omdat hy byna onherkenbaar geskend is,

15so sal baie nasies oor hom verbaas staan en konings sal nie 'n woord kan uitkry nie. Want **hulle sal dinge sien waarvan hulle nooit vertel is nie en dinge beleef waarvan hulle nog nooit gehoor het nie.**”

1 Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?

2 Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het **geen gestalte of heerlikheid** gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.

3 Hy was **verag** en deur die mense verlaat, **'n man van smarte** en bekend met **krankheid**; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was **verag** en ons het Hom nie geag nie.

4Maar **dit was ons pyn** wat Hy deurgemaak het en **ons lyding wat Hy gedra het**, al het ons gedink dit is God wat Hom so straf en Hom verneder.

5Dit was **as gevolg van ons misdade en ons skuld** dat Hy deurboor en met geweld doodgemaak is. **Omdat Hy gestraf is, kan ons nou vrede hê en omdat Hy stukkend geslaan is, kan ons gesond word.**

6Ons was almal soos skape wat weggedwaal het en elkeen sy eie koers ingeslaan het. Maar die Here het **ons almal se skuld op Hom** gelaai.

7Hy is mishandel, maar Hy het geduldig gebly, Hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie gekla nie.

8Terwyl Hy gely het en gestraf is, is Hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? **Hy is gestraf oor die sonde van my**

volk.

9Hy is saam met slegte mense begrawe sodat sy graf by kwaaddoeners was, al het Hy geen misdaad gepleeg of ooit onwaarheid gepraat nie.

10Maar die Here wou hê dat Hy moes ly. Al was sy lewe 'n offerande vir die sonde, sal Hy 'n groot nageslag hê en lank bly lewe. Deur Hom sal die Here se plan uitgevoer word.

1111Ná sy bitter lyding sal Hy weer die lig sien en Hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: Hy sal die straf vir hulle sonde dra.

12Ek sal Hom 'n posisie van eer gee sodat Hy saam met die sterkstes buit sal verdeel omdat Hy sy lewe prysgegee het en Hom saam met misdadigers laat reken het. Maar tog het Hy baie mense se sonde gedra en vir die kwaaddoeners gebid.”

'n Storie oor radikale verandering— Lēstēs

Wie is Lēstēs?

Johannes beskryf die kruisiging van Jesus ...

Johannes 19

17EN Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek, in Hebreeus Gólgota,

18waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, en Jesus in die middel.

Matthéüs se beskrywing bevestig, maar vertel meer ...

Matthéüs 17

38Toe word daar saam met Hom twee **rowers** gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

rower: lēstēs ... een wat gryp, wat vat, wat sy vreugde kry vanaf sy prooi ...

39En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud

40en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis!

41En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê:

42Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo.

43Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God.

44En op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig was, Hom ook beledig.

Markus bevestig wat Matthéüs sê ...

Markus 27

27Hulle het ook **twee rowers** saam met Hom gekruisig, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant.

28En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken.

29En die verbygangers het Hom gesmaad, terwyl hulle hul hoof skud en sê: Ha, U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou,

30verlos Uself en kom af van die kruis!

31En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes gespot en vir mekaar gesê: Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie.

32Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo!

Ook die wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.

Lukas, die deeglike geneesheer, bevestig wat almal gesê het, maar maak seker jy hoor die *underdog* storie ...

Lukas 23

33En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant.

34En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daaroor gewerp.

35En die volk het dit staan en aanskou. En die owerstes het saam met hulle ook geskimp en gesê: Ander het Hy verlos; laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die uitverkorene van God, is.

36En die soldate het Hom ook bespot en gekom en vir Hom asyn gebring

37en gesê: As U die Koning van die Jode is, verlos Uself.

38En daar was ook 'n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE.

39En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.

40Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? —

41ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.

42En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.

43En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.

44En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe;

45en die son is verduister; en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur.

46En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

Ish Makoboth, die man van smarte. Die *underdog*. Hy wat huil oor ander. Hy wat sy lewe weggee.

Lēstēs, hy wat gryp. Wat sy hele lewe die top dog was. Maar nou aan 'n kruis hang. Verlore.

Vir die hom wat gryp, die top dog, is Hy wat huil oor ander, die *underdog*, die enigste hoop vir ware lewe.

Mag die Here my elke dag help, ek wat in my wese Lēstēs is, om te sien dat die een wat die trane oor ander huil die gelukkige een is.

Die *underdog* is altyd die *top dog* ...